

Sing vooraf: Psalm 99:1 (p. 492)

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die géruubs woon;
wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde^{en} al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 96:8 (p. 481)

- 8 Laat aarde^{en} hemel juig voor Hom! / Want Hy, die Wêreldregter, / die strenge Saakbeslegter,
groot in geregtigheid, Hy kom! / Hy kom, waar en getrou, / sy strafgerigte hou.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 75:2 (p. 377)

- 2 Al vertoef Ek, spreek die HEER; / al gaan jare langsaam om –
Eind'lik sal my regsdag kom, / en dan daal my oordeel neer.
Wat ook wankel – deur my hand / bly die aarde^{en} in vaste stand.

Skriflesing: 1 Petrus 3

Teks: 1 Petrus 3:22; Kategismus Sondag 19

. . . – deur die opstanding van Jesus Christus wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is . . . (1 Petrus 3:21-22 AFR1953)

. . . en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus. Hy is nou aan die regterhand van God nadat Hy die engele en magte en kragte aan Hom onderwerp het en die hemel ingegaan het. (1 Petrus 3:21-22 AFR83)

Die almagtige krag van die Here Jesus Christus en die gevolge daarvan vir ons is nie elke dag baie helder in ons verstand nie. Daarom gaan hierdie preek net enkele gedagtes uitlig wat saamhang met dit wat in hierdie gedeelte geskryf staan.

Die teksgedeelte verwys natuurlik na die Here Jesus se verhoging.

- En hierdie verhoging van ons Here word hier beskryf met die woorde: **gaan sit aan die regterhand van God.**

Die mens se regterhand was natuurlik nog altyd baie belangrik en daarom het dit ook 'n simboliese betekenis gekry.

- Die gemiddelde mens se regterhand is sterker as sy linkerhand en daarom belangriker vir werk en vir verdediging.

- Op dié manier het die mense begin praat van die regterhand as die beeld/simbool van mag of magsvertoon.
- As iemand dus aan die koning se regterhand gaan sit het, was dit 'n simbool van die vertoon van sy mag.

In hierdie gedeelte teken dit dus die mag van die Here Jesus Christus – mag wat deur die Here aan Hom toegeken is.

- Vergelyk hiervoor Hebreërs 1:3 waar daar staan dat Jesus gaan sit het aan die regterhand van God se majesteit in die hoogte.

Verder is dit ook so dat die Bybel die regterkant gebruik as 'n aanduiding van eerbewys/genade/liefdebewys, teenoor die linkerkant wat die simbool is van oneer/verwerping en selfs vernietiging.

- Hiervan het ons 'n voorbeeld in Matteus 25:33 waar die skape aan die regterkant staan (uitverkorenes) en die bokke aan die linkerkant (verlorenes).
- Vergelyk ook hier Psalm 16:11 waar daar staan dat die Here vir ewig lieflikhede in sy regterhand het.

Maar daar is ook nog meer by betrokke as liefde en mag. Daar is ook bepaalde regsgesag by betrokke.

- Vergelyk hiervoor Jesaja 16:5.
En opgerig is deur goedgunstigheid 'n troon, en daarop sit een in getrouheid in Dawid se tent, 'n regter wat die reg soek en gou is in geregtigheid.
(Jesaja 16:5 AFR1953)
- Dit staan nie hier in die teksvers dat die een wat aan die regterhand sit, die regsmag het nie – in hierdie gedeelte word dit geopenbaar van die een wat op die troon sit.
- Maar dan moet ons net onthou dat die een wat aan die koning se regterhand sit, ook beklee word met dieselfde mag as die een wat op die troon sit.

Die Here Jesus is dus nou inderdaad die Groot Regter oor almal duskant en anderkant die dood – oor die lewendes en oor die dooies.

Ons bely ook presies dit elke Sondag, maar beseft ons wat dit beteken?

- Dit beteken dat die Here se oordeel nie net sny oor dié wat binnekant die kerk is en dié wat buitekant die kerk is nie –
- sy oordeel sny ook deur die kerk.
- Daar word ook besluit oor dood en lewe binne die kerk!

Die Here Jesus regeer dus nie die kerk deur 'n vergunning wat aan Hom gegee is nie, maar uit sy goddelike krag.

Daar is dus in die regering van die kerk 'n absolute eenheid tussen Vader en Seun.

Maar ons moet beseft dat ons in sake soos hierdie voor onverklaarbare dinge gaan stuit – want ons verstand is net nie groot genoeg om alles te kan bevat nie.

- Hier het ons baie duidelik so 'n geval: Die Here Jesus Christus is een met God die Vader, maar Hy is ook een met sy kerk!
- Daar is dus nie net 'n eenheid tussen die Drie-Eenheid nie, maar ook tussen die Here en sy kerk.
- Dit is 'n verbintenis van gesag en krag, maar ook van teerheid en sorg.

Dink maar net vir 'n oomblik aan uitdrukkings wat die Bybel self gebruik, soos:

- Christus is die Hoof en ons die lede.
- Christus is die Bruidegom en ons is die Bruid.

Aan die een kant is dit die koninklike versorging van God teenoor sy skepsele – maar andersyds is dit ook weer die liefdevolle versorging van 'n Vader teenoor sy kinders.

- Dit is dus leiding uit die hemel uit wat ons teruglei in die hemel in!
- Hierdie mag van die Here Jesus Christus word ook uitgeoefen deur die Derde Persoon van die Godheid, wat ons tot nou toe nog nie in hierdie preek genoem het nie, naamlik God, die Heilige Gees.

Kyk net na wie toe gaan God die Heilige Gees.

- Nie na die wêreld toe nie, maar na die uitverkorenes toe.
 - Die Here Jesus beoefen dus al klaar sy genade net teenoor sekeres, naamlik teenoor die lidmate van sy kerk.
- Die leiding van die Heilige Gees is gerig teen alle moontlike vyande wat ons kan hê.
- En die Heilige Gees kan Hom rig teen enige gesag, want Hy het die gesag van die Here Jesus Christus.

Uit Johannes 14:16 en 16:14 is dit baie duidelik dat die Heilige Gees die plek van die Here Jesus Christus inneem totdat die wederkoms hier is.

En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: (Johannes 14:16 AFR1953)

Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. (Johannes 16:14 AFR1953)

Lees nou al hierdie feite saam met die gedeelte wat ons vandag as teksvers het, dan sien ons dat:

- alle mag in die hemel en op die aarde aan die Here Jesus Christus onderwerp is –
- en dat hierdie selfde mag die mag is waarmee Hy deur die Heilige Gees regering en beskerming oor ons uitoefen.

Die troos van die gedeelte is dat u dus vreesloos mag lewe. Dit is een van die direkte gevolge van die Here Jesus Christus se huidige regering oor ons en die wêreld.

Maar die oordeel is ook daar, naamlik dat die wederkoms aanstons hier sal wees, en dan sal die onverantwoordelikes in die laaste oordeel oor die lewendes en die dooies onder hierdie selfde onstuitbare mag van die Here geoordeel en gestraf word.

Laat ons dan hierdie gawe van beskerming geniet, en laat dit ons ook aanspoor tot 'n goeie geloofslewe.

Kom ons lees die opsomming van hierdie preek saam in Kategismus Sondag 19.

Vraag 50: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?

Antwoord: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk (a) kan betoon, deur wie die Vader alles regeer (b).

(a)Ef 1:20-23; Kol 1:18. (b) Matt 28:18; Joh 5:22.

Vraag 51: Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort (a). Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar (b).

(a)Hand 2:33; Ef4:8. (b) Ps 2:9; 110:1, 2; Joh 10:28; Ef 4:8.

Vraag 52: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?

Antwoord: *Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag (a) wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp (b), maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlijkheid saamneem (c).*

(a) Fil 3:20; Luk 21:28; Rom 8:23; Tit 2:13; 1 Tess 4:16. (b) Matt 25:41; 2 Tess 1:6. (c) Matt 25:34; 2 Tess 1:7.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 2-6:7 (54:7)

7 U plant die volk wat deur U vry is / in grond wat deur U voorberei is.
Dáár is u heiligdom en troon, / daar waar U met u volk wil woon.
Daar staan u trou nou – maar ook méér: / vir ewig sal die Heer regeer!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 11 Mei 2008 (aand)